# Taalstrukture en -konvensies
## Spelling, lees- en skryftekens

### Leestekens (*punctuation*)

Leestekens is belangrik in skryfwerk. As ’n leesteken weggelaat word, kan die betekenis van die sin verander en kan die leser die betekenis anders verstaan as wat die skrywer bedoel het. Dit is dus belangrik om leestekens korrek te gebruik.

’n **Punt** (*full stop*) word aan die einde van ’n sin gebruik, asook na sekere afkortings.
**Voorbeeld**: Aan die einde van Graad 7 moet leerders kies na watter hoërskool hulle wil gaan**.**

’n **Vraagteken** (*question mark*) word aan die einde van ’n sin gebruik wat ’n vraag vra.
**Voorbeeld**: Pieter, na watter hoërskool gaan jy volgende jaar**?**

’n **Uitroepteken** (*exclamation mark*) word saam met ’n uitroep gebruik, asook aan die einde van ’n bevel wat gegee word.
**Voorbeelde**: Sjoe**!** Die keuse van ’n nuwe skool is nie so eenvoudig nie.
Moenie so in die klas mors nie**!**

1. Herskryf die sinne en voeg die vraagtekens en uitroeptekens in waar nodig.



   a) Watter aktiwiteit geniet jy die meeste

   ______________________________

   b) Ai, die dag langs die sportveld was fantasties

   ______________________________

   c) By watter hoërskole gaan jy volgende jaar aansoek doen

   ______________________________

   d) Kom haal julle werkboeke dadelik in my klas

   ______________________________

   e) Hoera ons skool het die trofee gewen

   ______________________________

   f) Sit dadelik daardie selfoon neer en gaan doen jou huiswerk

   ______________________________

**Ken die woorde**

aansoek – *apply*
eenvoudig – *simple*
watter – *which*
aktiwiteit – *activity*
hoera – *yippee*
trofee – *trophy*
dadelik – *immediately*

© Oxford University Press Southern Africa

## Leestekens

Die **komma** (*comma*) word op **verskillende** (*different*) plekke gebruik, byvoorbeeld, voor 'n **voegwoord** (*conjunction*), tussen twee **werkwoorde** (*verbs*), voor en na aanspreekvorme asook wanneer 'n lys van dinge genoem word.

**Voorbeelde:** Ek sal graag leervakke in Graad 10 wil neem**,** want ek sukkel met Wiskunde.
Terwyl die onderwyser verduidelik**,** dwaal my gedagtes.
Thandi**,** wat is jou gunstelingvak?

3. Lees die onderstaande sinne deur en voeg die komma korrek in.

   a) Graad 7 is 'n wonderlike jaar omdat daar soveel hoogtepunte is.

   b) Die leiers moet die volgende saamneem op die kamp: klere slaapsak en snoepiegeld.

   c) My ouers wil my na die beste skool stuur want ek is 'n goeie sportman.

   d) Ons het 'n goeie skool in ons omgewing maar daar word min kultuuraktiwiteite aangebied.

   e) My gunstelingaktiwiteite is atletiek sokker en dans veral Hip-hop.

   f) Wanneer ek dans voel ek vry en kan ek my kreatiwiteit uitleef.

   g) Alhoewel ek dans geniet presteer ek ook op die sokkerveld.

   h) Juffrou gaan die Graad 7-leerders hierdie jaar op 'n uitstappie?

0

### Ken die woorde

aanspreekvorm – *form of address*
dwaal – *wander*
gedagtes – *thoughts*
gunsteling – *favourite*
hoogtepunte – *highlights*
kreatiwiteit – *creativity*
omgewing – *area*
snoepiegeld – *tuck shop money*
uitstappie – *outing/trip*
verduidelik – *explain*
vry – *free*

© Oxford University Press Southern Africa